The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742
VAT Number 4760248593

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

Posadres	Posbus 2648, **NOORDHEUWEL** 1756	**Kantoor**	Dekkerstraat 37 **KRUGERSDORP NOORD**
Tel. (Kantoor) **Faks**	082-459-5747 086-528-9914	**E-pos** **Webblad**	admin@thecradleofhope.org http://thecradleofhope.org

NUUSBRIEF 06/2009
21 Oktober 2009

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief die volgende e-pos adres:
admin@thecradleofhope.org

Liewe vriende

1) BESOEK AAN DIE TANDARTS:

Ons wil graag baie baie dankie se aan Illanah Smit en haar span medewerkers van OUTSURANCE. Illanah het tehore gekom van die Kroningspark tentdorp in Krugersdorp en wou graag help. Sy en haar OUTSURANCE span het gesorg dat 28 kinders van die tentdorp tydens Julie 2009 die tandarts besoek. Baie dankie aan Dr. Martin Vorster van die Groenkloof Forum wat die kinders met groot liefde en deernis hanteer het. Baie van hierdie kinders het nog nooit 'n tandarts besoek nie, en sommige van hulle was erg skrikkerig. Dr. Vorster en sy assistant, Tersia Stols, en die OUTSURANCE span het egter gesorg dat elke kind op sy gemak was en tussen deur stories lees en speletjies speel, het die uitstappie gou-gou verander in 'n opwindende ondervinding vir elke kind, wat nooit ooit vergeet sal word nie.

Baie dankie aan ZAFFERANO COFFEE SHOP wat gesorg het dat die kinders se magies vol

bly en dat hulle nie dors word nie. TRIO HAIR DESIGN het ook gehelp en heelparty van die kinders se hare gratis gesny en versorg.

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot hierdie wonderlike dag vir hierdie kinders. Ons waardeer julle hulp verskriklik baie!

Gaan kyk gerus na die foto's op: http://www.outsurance.co.za/helpingsaout/
Projek nommer 40

2) UITREIK NA "POMFRET":
Tydens Julie 2009 het Oom Zac Grobler, die Uitvoerende Voorsitter van **THE CRADLE OF HOPE**, en sy vrou, Tannie Huibrecht, met die CRADLE trokkie propvol klere, mieliemeel, meubels, kombuisware ens., die sowat 600km lange rit aangepak na POMFRET in die Noordwes Provinsie. Hier woon tans ongeveer 300 kinders, heelparty van hulle weeskinders, in uiters haglike omstandighede en die armoede is eenvoudig oorweldigend. Die naaste groterige dorp is 200km ver weg. Daar is nie werksgeleenthede nie, en die meeste van die pa's het verhuis na groter dorpe en stede om te probeer geld verdien, maar hulle het nooit teruggekom nie. Die mammas en die kinders het agtergebly en voer 'n absolute sukkelbestaan.

Baie dankie aan almal wat gewillig was om hierdie uitreik te ondersteun, en aan almal wat donasies gemaak het. Sonder julle onbaatsugtige hulp sou **THE CRADLE OF HOPE** nie kon uitreik na hierdie hulpbehoewende mammas en kinders nie. Baie baie dankie!

3) KRONINGSPARK STIMULERINGS GROEPIE VIR KLEUTERS:
Ons is baie trots om te kan sê dat dit baie goed gaan met **THE CRADLE OF HOPE** se stimuleringsgroepie vir kleuters by die Kroningspark tentdorp. In die besonder wil ons vir Tannie Elmarie Naudé van Pretoria bedank wat getrou elke Dinsdag in haar motor klim en al die pad van Pretoria af kom om 'n ogie oor die Opvoedkundige program te hou. Baie dankie Tannie Elmarie, dat jy vasbyt en aanhou om ons te ondersteun en te help. Ons waardeer jou hulp verskriklik baie, en ons gebed is dat die Here jou sal seën vir al jou onbaatsugtige hulp. Baie dankie vir al jou liefde en omgee vir die kinders van die tentdorp.

Twee van die mammas van die tentdorp, Tannie Ronel en Tannie Marinda, doen elke oggend getrou vanaf 9h30 tot 12h00 diens by die "skooltjie". Hulle verdien ook elkeen 'n klein salaris wat **THE CRADLE OF HOPE** aan hulle betaal, wat hulle weer bemagtig om vir

hulle eie gesinne te kan sorg.

THE CRADLE OF HOPE sorg dat al die kinders van die tentdorp elke dag twee etes ontvang. Elke oggend om 06h00 eet al die kinders ‘n lekker bord pap voordat hulle skool toe gaan, en in die middae wanneer hulle tuis kom, kry hulle weer ‘n broodjie met ‘n lekker smeer op of soms ‘n gekookte ete. ‘n Lys van al die daaglikse benodighede is op ons webblad beskikbaar. Ons is geheel en al afhanklik van donasies, en ons doen ‘n beroep op julle om ons asseblief te ondersteun sodat ons ‘n verskil kan maak in hierdie kinders se lewens. Vier van hierdie kinders is volgende jaar in Graad R, maar daar is nie fondse om hierdie kinders se voorskoolse Graad R skoolfooie te betaal nie. Indien jy geroepe voel om spesifiek een van hierdie kinders te ondersteun en te borg, skakel gerus vir Melodie op 084 990 1156.

VIR KONTANT DONASIES GEBRUIK ASB. DIE VOLGENDE BANK BESONDERHEDE:

THE CRADLE OF HOPE – ***“ASSIST A CHILD” Projek***
Eerste Nasionale Bank
Keywest Tak : 256955
Rekeningnommer : 6219 699 4498

Indien u ‘n belasting sertifikaat verlang, faks asb. die deposito strokie aan
(011) 955 5112.

4) THE CRADLE – HOUSE OF RESTORATION:

Ons projek vorder mooi en ons is baie opgewonde oor hierdie huis wat waarlik ‘n baken op die Wes-Rand gaan word, vir mammas en hulle eie kinders, asook jong tiener dogters. Ons het reeds ‘n paar mammas geïdentifiseer wat ons bitter graag alreeds voor Kersfees 2009 hier gevestig sou wou hê. Die aankoop van die huis was ‘n absolute geloofstap en ons benodig dringend fondse om die verbouings en verbrekings aan die huis te voltooi, alvorens ons ons eerste mammas en kinders hier sal kan huisves. Indien enige iemand ons finansiëel of andersins kan ondersteun sal ons dit verskriklik baie waardeer.

Die aankoopskoste van die huis was R620,000-00 en ons moes ‘n verdere R42,000-00 se elektrisiteits bedradings kostes betaal alvorens die elektriese sertifikaat wat nodig is vir die registrasie van die huis uitgereik kon word. Die veranderinge aan die huis beloop ongeveer R300,000-00. Daar is verskeie wetlike regulasies waaraan ons moet voldoen, en ongelukkig kos hierdie veranderings geld. Dan moet ons ook nog maandeliks hierdie huis betaal kry.

Besoek gerus ons webblad se “Projekte” bladsy op: www.thecradleofhope.org vir meer

inligting aangaande hierdie projek. Indien iemand die huis wil gaan besigtig, skakel asb. vir Melodie 084 990 1156 sodat 'n reëling getref kan word. Indien julle geroepe om betrokke te raak en ons **"ADOPT A ROOM"** projek wil ondersteun, skakel asb. dringend vir Melodie.

VIR KONTANT DONASIES GEBRUIK ASSEBLIEF DIE VOLGENDE BANK BESONDERHEDE:

THE CRADLE OF HOPE – ***"HOUSE OF RESTORATION" Projek***
Eerste Nasionale Bank
Krugersdorp Tak : 250241
Rekeningnommer : 218 0352 628

Indien u 'n belasting sertifikaat verlang, faks asb. die deposito strokie aan
(011) 955 5112.

Baie dankie aan almal wat ons ondersteun sodat ons ander mense in nood kan help. Dis 'n enorme taak en ons kan eenvoudig nie hierdie groot werk alleen doen nie. Dit bly vir ons verskriklik lekker en alhoewel ons soms ons oë uithuil, bly hierdie werk vir ons verskriklik lekker!!! Baie baie dankie aan almal wat help! Julle hulp en bydraes word ongelooflik baie waardeer.

SPREUKE 3:27-28
"Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. Moenie vir iemand sê "Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou" as jy nou reeds kan help nie."

CRADLE liefde en blessings

Melodie en Petra

Melodie 084 990 1156
melodie@thecradleofhope.org

FACEBOOK : Melodie van Brakel

Sluit asb. aan by ons **CAUSE** op **FACEBOOK :** http://apps.facebook.com/causes/357418

Petra 083 267 7707
petra@thecradleofhope.org

Directors : Z.J. Grobler (Chairman) • A.G. van Brakel (CA) (SA) MBA • M.M. van Brakel